# DIE SKIETLOOD

241e Uitgawe 22 Augustus 2025
saam met Koersvas 241

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

## HEIDELBERGSE KATEGISMUS

**Teks**

**(vervolg) Vraag 8: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?**

**Antwoord: Ja, behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word .**

**Kommentaar**: Ons is steeds besig om die vrye wil van die mens te ondersoek. Die vraag na die bestaan van die mens se vrye wil kan met reg gestel word. Hierop moet ons duidelik stel; die mens het vrye wil van sy skepping af. God se oordrag van vrye wil kom ter sprake op twee maniere by die skepping van die mens; die mens is na die beeld van God geskep wat daarmee saam iets impliseer van 'n wil. Die tweede punt maak dit duideliker. God se selfgesprek in die besluit om die mens te skep, vind 'n eggo in die selfgesprek van die mens wat in die self sake beredeneer en dan besluite neem. Die sondeval het op hierdie vrye wil 'n impak gehad, maar dit nooit totaal uitgewis nie. Die restant is nie altyd maklik om aan te dui of te beredeneer nie, maar is tog daar in elke selfgesprek.

Om te beweer dat konstante verkeerde keuses impliseer dat die mens nie vrye wil het nie, kan na die ander kant God ook van vrye keuse (in die argument) ontneem omdat Hy altyd die goeie keuses maak. Die feit dat die mens die kwade kies, reflekteer nie op die vrye wil van die mens nie, maar op die swak keuses wat die mens maak.

Die gesprek na vrye wil moet ook spekulatief kyk na die verskil in vryheid voor en na die sondeval. Ons kan dan ook vra na die mens se vrye wil voor die val, as gevalle mens, as wedergeborene en as verheerlikte wese. Is daar grade van vryheid, of moet ons praat van beter en slegter keuses?

As alternatief kan ons verskillende soorte vryheid poneer. Die vrye wil van die mens voor die val kan beskryf word as vryheid van keuse, met volle kennis van God. Dit is 'n wil wat gemaklik in totale gehoorsaamheid lewe. Dit is 'n vryheid wat kan kies vir goed of kwaad, kan kies om die goeie te behou of die kwade te verken. Die stelling dat die mens beelddraer van God is, is nie problematies nie, daar is harmonie tussen Skepper en skepsel. Dit is belangrik om daarop te let dat die vryheid van keuse daar reeds insluit die ongetoetste moontlikheid om te kies vir die bose, teen God.

'n Volgende aard van vryheid verwys na die mens na die sondeval. Die sondeval het nie die mens sy vrye wil ontneem nie. Die sondaar mens se wil is nou net vasgevang in onkunde oor God en vyandigheid teenoor God. Vanuit die kennis perspektief moet ons stel dat die mens se kennis ingeperk en gekontamineer is, veral ten opsigte van God en die goeie. Al het die mens steeds die keuse tussen goed en kwaad, is die mens altyd geneig tot selfsug en die verkeerde kies. Daar is genoeg filosowe wat sal beweer dat die

mens kan kies om die goeie te doen, kan kies om byvoorbeeld nie te steel nie. Dit is waar dat mense goeie dade kan doen, dat mense sekere etiese kodes kan volg. So ‘n benadering is fragmentaries van aard, hou nie rekening met die volle prentjie nie, isoleer die binneste werking van die mens en fokus net op uiterlike insidente. Die goeie is ‘n somtotaal van bestaan. Selfs die beste goeie daad het soms verpletterende bose gevolge. In die hart van die mens is daar gedagtes wat nie in enige geselskap goed sal klink nie. Om dit metafories te stel; deel van die appel is dalk nog eetbaar, maar ons gaan die appel as vrot beskryf.

Die wedergebore mens se vrye wil is van ‘n ander aard. Die wedergeborene het meer as net die geneigdheid tot die kwade; die nuwe mens het die begeerte om God te dien en te eer. Die ingesteldheid van die nuwe mens is anders as die gevalle mens en die nuwe mens weet ook meer van God en Sy wil. Hier moet ons die onderskeid tref tussen boeke kennis en hartskennis. Dit is moontlik om die inhoud van die Bybel te ken sonder om die God van die Bybel te ontmoet. Die boeke kennis sonder geloof is van geen nut in die mens se veranderende vrye wil nie. Dit is die Heilige Gees wat die mens se wese reinig en meer kennis aangaande God en Sy perfekte wil aan die mens openbaar. Hierdie nuwe kennis is maar gedeeltelik en daarom gaan die wedergeborene wissel tussen goed en kwaad doen, ‘n lewenslange proses van poog en menigmaal misluk in die keuses wat gemaak word.

Die wedergeborene word nie in perfekte kennis van God gebore nie, die proses van heiligmaking duur ‘n leeftyd. Dit impliseer dat die goeie wat gedoen word, net gedeeltelik goed is.

By die opstanding en ewige lewe kom die vrye wil van die mens in hierdie nuwe konteks na vore as ‘n vryheid en wil om net die goeie te kies en te doen. Die kennis is in hierdie nuwe situasie soveel beter as voor die val; voor die val het die mens God geken, maar nie die gevolge van die verkeerde keuse aan sy eie wese gevoel nie. Na die opstanding uit die dood is die mens deur die meule van die lewe, ken God en wil net die goeie doen. Die mens wat herskep is, sal God dan ten volle ken en geen begeerte toon om aan God ongehoorsaam te wees nie; die mens sal ‘van beter weet’. Waar Adam se vrye wil op ‘losse skroewe’ gestaan het omdat die keuse tot die bose net potensiaal was, gaan die nuwe mens deur die Gees regeer word en geen begeerte hê tot opstand teen God nie – nie omdat die mens nie kan nie, maar omdat die mens absoluut gehoorsaam aan God wil en kan wees.

Om die gesprek op te som: Die mens het vrye wil. Die vrye wil word gekorrupteer deur eie begeertes, gebrek aan kennis en ‘n onvermoë om God te ken. Die vlekke op die vrye wil beteken nie dat vrye wil nie bestaan nie, net dat die mens dit verkeerd gebruik.